

Jan Steyn preek 8 Julie 2018

Teks: Romeine 5:1-11 (1 Timoteus 1:1)

Tema: Christus Jesus ons Hoop

Inleiding: Hoekom is die Christelike hoop so belangrik?

As ek nie kan glo my verlede is deur die Here vergewe, my vandag is by Hom vasgemaak en my toekoms is in Sy hande nie, gaan ek een van twee reaksies hê: Ek gaan verlamme vrees ervaar of en ek gaan alles en almal om my probeer beheer: Paralyzing fear or self-managed control. Dis hoekom die Christelike hoop se belangrik is- dit gaan oor my verlede wat vergeef is- dat Sy vergifnis vir my volkome is, dit gaan oor vandag wat in SY hande is en dit gaan oor die vertrou dat Hy ook more vir my kan en wil sorg. **Die Christelike hoop is dus belangrik, want dit verlos ons van verlamme vrees of van sieklike beheer.**

Ek dink die Christelike hoop se lae profiel het baie te make met die verkeerde of eensydige verstaan van hierdie hoop. Daardie verstaan het gekom uit wat hier in vers 2 staan: Ons verheug on soek in die hoop om deel te hê aan die heerlijkheid van God. Hier gaan dit oor die ewige lewe en die opstanding uit die dood en alles wat daarmee saamhang. Dus wat in die toekoms sal gebeur. As dit alleen die Christelike hoop is, kan ek die ateïs se siniese opmerking verstaan wat die Christelike hoop genoem het: A pie in the sky when you die. Dit beteken daardie hoop beteken dan niks vir hierdie aardse bestaan en dat dinge hier op aarde beter en genadiger kan wees nie. Of dat ek my rol of enige rol kan speel om dinge beter of genadiger te maak nie. Hierdie siening van hoop is net op die hemel gerig, maar nie op die aarde nie. Ons kry die regstelling hier in Romeine 5:3 en verder: Hierdie hoop is ook bedoel vir die swaarkry- dit is dus ook van toepassing op wat ons in hierdie aardse lewe ervaar en deurmaak. Die hoop vir die toekoms en die hoop vir die swaarkry vandag het alles met mekaar te make- albei is die Christelike hoop. Dit wat vorentoe op my wag as God se kind, is soos hierdie magneet wat my vorentoe trek om vandag die wêreld hier om my hierdie beter en genadiger plek te help maak. Dit is so opvallend dat die Christelike hoop nie net gaan oor die nuwe hemel nie, maar oor die nuwe aarde. Dit veg teen elkeen wat wil verkondig hierdie aardse lewe maak nie saak nie, net solank ek weet ek gaan eendag hemel toe. **Die Christelike hoop is dus belangrik, want dit fokus my op my toekoms as kind van die Here, maar gee my ook krag en geloof vir die swaarkry en werklikhede van vandag.**

Ons hoop het te make met ons nuwe verhouding tot God deur Christus:

Hierdie nuwe verhouding tot God deur Christus Jesus se kruis en opstanding, word met twee woorde vasgevang- ons is nou vrygespreek en daar is vrede tussen ons en God. Deur ons Here Jesus Christus.

Hoop het dus vir Paulus alles met Christus Jesus te make. Daarsonder kan ons nie oor die Christelike hoop praat nie. Hoop by Paulus skryf iemand, is om daarop te reken of te vertrou dat God sal klaarmaak wat Hy in Christus se kruisdood en opstanding begin het. Ons lees in vers 9 van die kruis- ons word gered deur SY versoeningsdood. Ons lees in vers 10 van die opstanding: Aangesien ons deur die dood van Sy Seun met God versoen is, staan dit soveel vaster dat ons deur die lewe van Sy Seun gered sal word. Die kruis, Jesus se dood was die hemelse betaling wat aangebied is vir ons van ons sonde en verlorenheid . Die opstanding red ons, want dit is die bewys of die hemelse kwitansie dat die offer wat die Here Jesus gebring het deur die Vader ten volle aanvaar is. Die anker van ons Hoop is Christus Jesus. Paulus sou met die volgende woorde van **Edward Mote** saamstem:

On Christ the solid rock I stand

All other ground is sinking sand.

Ek het nie myself in die regte verhouding met God gekry nie. Ek is nie in die regte verhouding met God omdat my ouers kinders van die Here is of omdat ek gereeld kerk toe gaan nie. Ek is nie in die regte verhouding met God omdat ek my iewers langs die pad bekeer het nie. Net God se Gees kan jou in elk geval tot bekering bring- in jou die begeerte skep om jou na God toe te draai. Ek is nie in die regte verhouding met God omdat ek Sondagskool gee of op die kerkraad is of predikant is nie. Die gedeelte wat ons gelees het herinner ons ook ons is nie in die regte verhouding tot God die Vader omdat ons by een of ander geestelike standaard uitgekom het of omdat ek een of ander waardigheid in myself gehad het nie. God bewys dan Sy liefde vir ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Deur Christus Jesus alleen staan ek in die regte verhouding tot God. Daarom skryf Paulus hierdie beroemde vers in 2 Korintiërs 5:17 en verder: Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. Dit alles is die werk van God. Nie my werk nie. Ons is soms so angstig asof ons die mag het om so maklik God se werk ongedaan te maak-asof ek my baie maklik kan uitsondig uit dit wat die Here in Sy oneindige krag en genade vir my gedoen en bereik het. Een baie goeie titel oor hierdie gedeelte wat ons saam gelees het, was The security of our salvation. Dit staan vas. Ek hoef nie elke week tot bekering te kom nie, ek hoef nie elke Sondag so belydenis van my sonde te doen, asof ek elke week weer by nul genade moet begin nie. Dan is dit mos eintlik alles my werk.

Deur Hom (Christus) het ons vrye toegang tot die genade waarin ons nou vasstaan (vers 2):

Die Griekse woord wat hier vertaal word met vrye toegang het twee prentjies daaragter. Die eerste is om iemand in die teenwoordigheid van iemand koninklik in te bring (to usher somebody into the presence of royalty). Christus het deur Sy offer vir ons vrye toegang gebring- ons kan in die teenwoordigheid van God die Koning van die Heelal ingaan as ons Abba, ons Vader. Die tweede prentjie is van die hawe waar die skepe ingaan. Die storms en die winter kan maar kom as die skip veilig in die hawe geanker is. Ons is deur Christus Jesus veilig in die hawe van God se liefde vasgemaak. Die winterweer en die storms wat op ons pad sal kom, kan dit nie verander nie. Ons staan ook nie vas omdat ons geloof so sterk is nie, maar omdat die Een wat ons vashou so sterk is. Hy gebruik die Heilige Gees om veral in tye van swaarkry of aanvegting ons te herinner hoe groot God se liefde vir ons is (vers 5) En dat hierdie liefde ons nie sal laat los nie.

In Christus word die natuurlike volgorde rondom swaarkry omgedraai:

Wat is die natuurlike volgorde wat gewoonlik volg as ons swaarkry? Swaarkry is hier die oorsake van ons fisiese of geestelike of emosionele spanning en druk. Baie dikwels is daardie volgorde swaarkry na tou opgooi na ongeloof na moedeloosheid of hooploosheid. Omdat ons volgens Paulus nou in Christus leef en Sy Gees ons lei, word die natuurlike volgorde waarin ons baie keer verval omgekeer: Swaarkry lei tot volharding- dus vas staan in die geloof. Volharding lei tot egtheid van geloof- dit suiwer dus my geloof- dit maak ons eerliker met onself. Die engelse vertalings vertaal baie keer egtheid van geloof met character- perseverance creates character. My geloof raak dus meer en nie minder nie. Die volharding in die geloof verdiep of vermeerder dus ons vertrouwe in God. Character of egtheid van geloof kweek hoop en hierdie hoop beskaam nie- letterlik is geen illusie nie. Want God die Heilige Gees wat in ons werk kom herinner ons hoe lief God ons waarlik het. Dis die ongelooflike waarheid wat ons hier leer: swaarkry gee omdat ons in die Here is, ons meer hoop as wat dit van ons steel. Swaarkry suiwer ons- dit neem vals hoop uit ons lewens weg en gee ons ware hoop. Weer gaan dit oor God wat ons liefhet, oor die Seun wat ons in hierdie nuwe verhouding met Hom gestel het en oor die Gees wat ons herinner hoe lief God ons het.

Christelike hoop is sekerheid:

In baie van ons engelse of afrikaanse woordeboeke staan definisies van die woord hoop teenoor die beginsel van sekerheid. Dis meer hierdie miskien of dalk-saak. Ek weet nie of dit gaan reën nie, maar ek hoop dit gaan reën. Mens kan nie altyd die weervoorspelling vertrou nie. Maar die Christelike hoop is seker. Dit staan vas. Hierdie hoop beskaam nie. Dis nie dalk of miskien nie. Dis geen illusie nie. So skryf iemand oor hierdie hoop: **Hope comes from the promises of God rooted in the work of Christ.**

Dis wat ek vroeer ook aangehaal het: Hoop is om te reken dat God sal klaarmaak wat Hy in Christus se kruisdood en opstanding begin het. Hy sal dit in die hemel klaarmaak deur aan ons die ewige lewe na die dood te skenk. Hy sal dit ook klaar maak hier op aarde waar ons moet lewe en swaarkry en vreugde en goeie tye en moeilike tye beleef. Dink maar aan die woord opstanding: ons dink dit beteken net ons sal eendag soos Jesus opstaan uit die dood om vir ewig by Hom te wees. Nee, ons leef nou reeds in die kragveld van Jesus se opstanding. Die opstanding is nie net vir eendag nie. Dis vir vandag: Daarom skryf Paulus self in Efesiërs 1: Die krag wat God nou en vandag uitoefen in ons wat glo is dieselfde kragtige werking van Sy mag wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek het. Deur die werk van die Heilige Gees sterf Christus op 'n manier in jou (jou ou mens sterf) en staan Christus Jesus op een of ander manier in jou lewe op (jy word al meer hierdie nuwe mens).

Slot: Die Christelike hoop bevry ons van vasgeval wees in onself:

John Piper skryf die Christelike hoop- dat God my verlede vergeef het, my vashou in die hede of vandag en sal dra in die toekoms, maak my vry van hierdie vasgeval wees in myself. Dis die gevolg of vrug van ware hoop in ons lewens. Mense wat oor alles angstig is, is vasgevang in hulself. Mense wat oormatig beheersugtig is, is vasgeval in hulself. Die Christelike hoop bevry my van oormatige angste en beheersugtigheid. Dit maak my dus vry om ander te kan dien. In 1 Petrus 3:15 lees ons dat ons altyd bereid moet wees om mense te antwoord wat vra wat is hierdie hoop wat in jou leef? Here, ek kan daar wees vir ander mense, want U is daar vir my. Here, ek kan vir ander mense omgee, want U gee om vir my. Here ek kan vir ander mense sorg, want U sorg vir my. Dis soos wat God dit bedoel het: Ontvangers van hoop word draers van hoop. Hulle gaan leef hoop. Hulle gaan deel hoop uit. Oral waar hulle kom.

Ek lees die week die getuienis van hierdie vrou en haar familie wat in hierdie baie desperate situasie was. Dit herinner my dat God maar hoop bring deur mense en hul dade. Hierdie ma skryf:

My dogter raak siek met 'n baie erge virus en sy raak nie gesond nie. Dit het my regtig op gehad en finansies het later by die agterdeur uitgegaan, want die kar het gebreek en daarna weer en so het dit aangegaan. Dit was nie lekker tye nie en my moed in die mensdom het al meer agteruit gegaan en seker my geloof ook.

'n Jong laaitie wat so 'n blok van ons af bly, bel my een Saterdag en ek antwoord nie my foon nie- hy bel weer en vra of my ons gou kan kom sien? Dringend..

Hy kom hier aan met 'n sak vol geld. Dit was 'n hoop geld wat hy die middag gou gaan bymekaar maak het by 'n paar mense. Ons kon dit nie glo nie. Nou kan ons 'n scan laat doen om te kyk of daar nie iets snaaks met ons kind aan die gang is nie.

Ons stap daar uit en huil soos babas. Ek sê vir hom dankie vir vandag- nie vir die geld nie, maar vir die feit dat jy my vertrou in die mensdom weer herstel het (My eie woorde- dat jy ons weer hoop gegee het?) Ek glo nou weer dat daar nog goeie mense is en dat alles en almal nie sleg is nie...

Daardie geld was presies genoeg om al die toetse te laat doen en die dokters te betaal. Vertel jy dan nou vir jy dat ons God nie bestaan nie.

Dis wat jy opgeval het- iemand doen iets goeds-dit herstel mense se hoop dat daar goeie mense is. Dit herstel hulle hoop dat God bestaan en omgee.

Amen